

LEENGOED

GEDAGTES OOR
TAAL, VOLKSGELOOF, KULTUUR



A
439.3624 DR ABEL COETZEE
COR

LEENGOED.

Die Monument-Reeks.

'n Serie populêr-wetenskaplike boekies oor al die aspekte van ons Afrikaanse kultuurlêwe: geskiedenis, godsdiens, letterkunde, opvoedkunde, taalkunde en kuns.

No. 1	Die Geboorte van Suid-Afrika 'n Simboliese toneelspel, deur W. Hessels	2/-
No. 2/3	Trekvoëls , deur Sangiro	3/-
No. 4	Oom Gideon ontmoet die Voortrekkers. deur J. van Melle	2/-
No. 5/6	Die Afrikaanse Psalmberyming. deur Dr. G. Dekker	3/-
No. 7/8	Die Epos van Trichardt en Van Rensburg. Dr. Manfred Nathan	3/-
No. 9	Beatrijs. 'n Middeleeuse Juweel In Afrikaans oorvertel deur Dr. P. C. Schoonees.	2/-
No. 10/11	Opstelle oor Poësie deur H. A. Mulder	3/-
No. 12	Leengoed. Gedagtes oor Taal, Volksge- loof, Kultuur, deur Dr. Abel Coetzee	2/-
No. 13/14	Die Nuwe Testament deur die eeue be- waar, deur Prof. Dr. E. P. Groenewald	3/-
No. 15/16	Die Moderne Opvoeding. deur Prof. Dr. J. C. Coetzee	3/-
No. 17/18	Gesprekke met Dr. W. J. Leyds deur Kees van Heek	3/-
No. 19/21	Berigte te Velde. Opstelle oor die Idee van 'n Afrikaanse Nasionale Letterkunde, deur N. P. van Wyk Louw	4/-

Uitgewers: J. L. VAN SCHAIK, BEPERK,
Libri-gebou,

Posbus 724, — — — — — PRETORIA.

LEENGOED

Gedagtes oor Taal, Volksgeloof, Kultuur

deur

DR. ABEL COETZEE

(Universiteit van die Witwatersrand)



J. L. VAN SCHAICK BEPK. PRETORIA

1939

569/1398

Van dieselfde skrywer:

1. C. M. van den Heever. Die wese van sy kuns.
2. Skimme van die Goudstad.
3. Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand.
4. Die Afrikaanse Volksgeloof.

*Opgedra aan
Professor J. J. le Roux.*

Net die dood ken geen verskille nie. Die dood maak gelyk wat in die lewe ongelyk is.

Betrage ons die lewe om ons, dan gewaar ons oneindige reekse verskille in wat ons sien. Ons sien rykes en armes—mense wat skat en skatryk is en wat nie die einde van hulle skatte ken nie, maar ook mense wat moet bedel om 'n stukkie brood. Ons sien base en knegte—mense wat uit hoofde van hulle besittings of be-trekkings die reg het om ander mense te hiet en gebied, en daardie ander mense, die knegte, moet geduldig verdra en gehoorsaam. Ons sien grondbesitters en bywoners. Ons sien wittes en swartes. Ons sien mense wat ons gerieflik bestempel as *ons mense*, en daarnaas diegenes wat ons *uitlanders* noem—Griek, Jood, Samaritaan e.a. En as ons ons blik verder laat gaan, dan gewaar ons dat die ganse mensdom ingedeel word in groot rasse-groepe wat weer ingedeel word in kleiner groepies—die nasies, en nog kleiner groepies—die stamme.

Ons beleef vandag 'n tydperk waarin die belange van al die verskillende groepe taamlik skerp met mekaar bots. Die Sjinees en die Japanees is besig om hulle geskille op te los op die slagveld; die Jood en die Duitser is besig om hulle geskilpunte op ander terreine en volgens ander opvattinge op te los. In Spanje is lede van dieselfde nasie besig met 'n uitdelgingsoorlog teen mekaar omdat die opvattinge van belangrike kleiner groepe verskil van mekaar. In Suid-Afrika is ons druk besig om 'n oplossing te vind vir die botsing

tussen die belange van Afrikaner en Engelsman, van wit en swart, van wit en gekleurd.

Orals bestaan daar verskille, groepe waarvan die lewensbelange bots met dié van ander groepe. Die handelaars se belange is gro-tendeels anders as dié van die boer, die stedeling s'n anders as dié van die plaasbewoners, die wynboer s'n anders as dié van die melk-boer of van die saai-boer, die mielieboer s'n anders as dié van die koringboer, die bankklerk s'n anders as dié van die fabriekswerker, die tabakfabrikant s'n anders as dié van die klerefabrikant.

En tog is die lewe één.

Al die kleiner groepies, groepies met botsende belange, woon saam in één land, en hulle maak deel uit van één volk—groot of klein. Hulle eie botsende belange is ondergeskik aan die groter, al-gemenere belang van die ganse volk. En al die botsende volke—wit, geel, swart—is skepsels van die één Alwyse.

Die lewe is só'n eenheid dat as een van hierdie groepe—groot of klein—beskadig word, ondergaan, of opstandig word, of oorbegerig, dan voel al die ander groepe min of meer die terugwerking daarvan en hulle ly daaronder of hulle trek daar voordeel uit.

En tog is dit goed dat die verskille bestaan. Dit is goed dat al die mense nie eners dink en handel, nie eners lyk, nie almal op 'n haar dieselfde behoeftes het nie. Dit is goed dat ons verskil van mekaar, en dat daar kragte is in die gees van die mens wat daardie groeppvorming en die instandhouding daarvan bevorder. Maar dit is ook goed dat die lewe 'n eenheid is, en dat daar kragte is in die gees van die mens wat wil ontwikkel in die rigting van daardie eenheid, 'n eenheid waardeur groepsbelange gesien word met die groter geheel as agtergrond.

Daar is dan verskil, én eenheid, en die inagneming van albei hierdie neigings, of kragte, of lewensverskynsels, moet uitloop op

'n welvarender mensdom waar welvaart nie slegs die besit van skatte aandui nie.

Die wêreld is nou eenkeer s6 ingerig dat ons almal daarop moet woon, en ons ontwikkeling het dit meegebring dat daar haas geen groep is—groot of klein—wat in afsondering leef en kan bestaan sonder aanraking met en sonder die medewerking van een of meer van die ander groepe nie. Hoe meer verbeterings aangebring word op die gebied van die verkeer—skepe, treine, telegraaf, lug-skepe, draadloos, televisie—hoe kleiner word die afsondering waarin die verskillende groepe kan leef; hoe groter die ontwikkeling op die gebied van die verkeer, hoe kleiner die afstand wat die verskillende groepe van mekaar skei. Omdat verkeersmiddele toeneem in doeltreffendheid, neem ook die aanraking toe tussen die verskillende groepe, die verskillende nasies, die verskillende wêrelddele. En omdat daar 'n groter aanraking is, is die wedersydse beïnvloeding, uitruiling van handelsware, uitruiling van gedagtes, uitruiling van beskawing groter.

Maar daardie uitruiling van handelsware en beskawingswaardes was maar altyd daar—sterker in sommige tydperke as in ander. En dit is juis hierdie wedersydse uitruiling van allerlei sake, hierdie wedersydse beïnvloeding van die verskillende groepe op mekaar, waarby ons in hierdie geskrif die aandag wil bepaal, en dan veral op die volgende gebiede van ons geetesbesit: die taalskat, die geloof van die volk, en die beskawingsvorme wat gehuldig word, telkemale met die toestande elders as uitgangspunt om dan terug te keer tot die verwikkelinge in ons eie land.

Geen spraakgebied is volkome afgesonder van die ander spraakgebiede nie. Op die een of ander manier kom die een in aanraking

met minstens een ander spraakgebied: handel en nywerheid, oorlog en rooftogte, boek en tydskrif, volksverhuising. Die kanaal waarlangs hierdie aanraking plaasvind, dien ook as die kanaal waarlangs die een spraakgebied woorde en uitdrukkinge leen van die ander en op sy beurt woorde en uitdrukkinge gee aan die ander. Hoeveel 'n betrokke spraakgebied afstaan en hoeveel hy ontvang, hang af van sy eie beskawingspeil, die geaardheid van die inwoners en hulle verskillende behoeftes, en die doeltreffendheid waarmee hulle eie besit beantwoord aan die bestaande behoeftes.

Toe die Romeine aan die begin van ons jaartelling Germaneland in die noordelike en noordwestelike gedeelte van Europa begin binnedring, het die Germane 'n eie soort boukuns gehad. 'n Germaanse huis het bestaan uit een groot ruimte of saal, sonder kaggel, maar wel 'n ronde vuurherd in die grond waarin die vuur gemaak is (byna soos in die strooise van ons Suid-Afrikaanse inboorlinge). Die mure het bestaan uit vlegwerk, soos van mandjies, en dit is bedek met klei teneinde die wind en weer uit te hou uit die huis uit. In die dak was daar 'n walmgat waardeur die rook kon ontsnap. Daar was geen skoorsteen nie. Stene en teëls, en hoe om daarmee 'n huis te bou, het die Germane eers by die Romeine geleer. Die Germane het dus met iets kennis gemaak wat by hulle voorheen onbekend was, en toe hulle die voorwerpe oorgeneem het, het hulle ook die Latynse (Romaanse) benaminge daarvan oorgeneem. As ons vandag in Afrikaans (Nederlands, Duits) praat van *muur, kelder, pleister, venster, kalk, kaggel, peiler (pilaar), marmer, solder, pos, poort, plank* en *kamer*, dan glo die gewone man dat hy deugdelik, suiwer Afrikaans praat. Dit is ook die geval. En tog is dit woorde wat in daardie vervloë tydperk die land van die Germane binnegedring het uit die Suide, uit die land van die Romeine. Dit geld ook wat betref die inrigting van die huis aan die binnekant, 'n

verband waarmee in latere tydperke ontleen is: *kis, meubels en matras*.

Laasgenoemde woord, *matras*, is op sy beurt weer 'n vreemde indringer in die Romaanse beskawingswêreld. Die oorspronklike voorwerp met sy benaming is Arabies van oorsprong: *matrah*. Die woord vind ons terug in die Middellatyn: *matratium*, in Italiaans: *materasio* en in Frans: *matelas*.

Langs dieselfde kanale het die Romaanse wêreld kennis gemaak met Germaanse bou-aangeleenthede en hulle benaminge. Die enigste kamer waaruit die voormalige Germaanse woning bestaan het, heet *saal, hal*, wat in Frans aanleiding gee tot *halle*, en *sale* as 'n gedeelte van die woonhuis. In Afrikaans (Nederlands) het ons 'n woord: *inheems* waarvan die *heem* verwant is aan die Duits: *heim*, Nederlands: *heemstede*, Engels: *home*, Angelsaksies: *ham*, en dit vind ons eweneens terug in Frans: *hameau*. Die Germaanse woord: *lat* (Afrikaans), tref ons aan in Frans: *latte*; *raam* as *la rame*; (om te) *plak* as *plaque*. 'n Besonder treffende voorbeeld is weer die Germaanse *faldastuol*, oorspronklik die draagbare stoel van die leërowerste; ons vind dit terug in Ou-Frans as *faldestueil* en in Nuwe-Frans as *fauteuil*, en in laasgenoemde vorm het die Engels-Amerikaanse bioskoop dit in Suid-Afrika help bestendig as die benaming van 'n bepaalde gehalte sitplek by 'n bioskoopvertoning, en in hierdie vorm maak die stedelike Afrikaners weer kennis met 'n ou-ou Germaanse woord. Hierby moet nog gevoeg word 'n aantal woorde wat die Franse later ontleen het in verband met die skeepvaart: *beaupré* (nederlands: boegspriet), *affaler* (afhalen), *bosseman* (bootzman), *cabillaud* (kabeljauw), *dique* (dyk), *dune*

(duin), *filibuster* (vrybouter), *marsouin* (meerzwin), *vindas* (windas), asook 'n aantal woorde op ander gebiede van die lewe: *boulevard* (bolwerk), *bourgemeastre* (burgemeester), *colza* (koolzaad), *crancelin* (kranseling, 'n soort gebak), *canaps* (knapsak), *étangue* (stang), *frelater* (verlaten), *kermesse* (kermis), *varlope* (voorloper, 'n soort skaaf).

Vanuit die Romeinse wêreld het die Germane ook kennis gemaak met voorwerpe, sake en begrippe wat in verband staan met die landelike lewe. Eerstens het die Germane kennis gemaak met allerlei uitheemse vrugtesoorte: *pruim*, *perske*, *wyn*, (*asyn*, *mos*, *pars*), *kersie*, en selfs ook die woord *vrugte*; verder verskillende soorte bome: *buks*, *poppelier*, *olm*, *seder*, benewens groentesoorte: *koljander*, *finkel*, *kerwel*, en 'n aantal soorte handelsware: *dadel*, *vye*, *rys*; geneeskruië: *kamille*, *anys*, *mint*; blomme: *roos*, *lelie*, *viooltjie*, *malva*; woorde in verband met die boerdery: *kaas*, *botter*, *meul*, *pag*, *sak*, *sekel*, *stoppel*, *straat*, *myl*; veeteelt: *esel*, *kat*, *perd*, *fisant*, *kapoen*, *pou*, *pappegaai*, *olifant*, *leeu*, *kameel*.

Ook in hierdie geval is daar 'n ontlening in die teenoorgestelde rigting, d.i. woorde en begrippe uit Germaneland wat die Romaanse wêreld binnegedring het. Die Frankiese ('n Germaanse stam) *gardo* gee aanleiding tot die Franse ('n Romaanse taal) *jardin* (vergelyk met die Engels: *garden*); Germaans: *marka*, grens, vind ons terug in Frans: *marche* en Provençaals: *marca*; die Langobardiese (Germaans) *aska*, es—'n soort boom, word in Italiaans: *lasca*; Germaanse *fodr*, voer, word in Frans: *feurre*, strooi, in Italiaans: *fodera*, voering, in Frans: *fourrure*, voering. *Bokwiet* (buckwheat) tref ons in Frans aan as *beaucuit*; die Gotiese (Germaans) *brambesi*,

braam, word in Frans: *framboise*, die benaming van 'n ander soort bessie, en deur middel van Nederlands het ons in Suid-Afrika hierdie Franse vorm oorgeneem as benaming van die Engelse *raspberry*. *Lewerkie*, *leeuerik* (Goties: *laiwerko*) vind ons in Portugees terug as *laverca*.

Dit is net nodig om by te voeg dat al hierdie ontlenings nie gelyktydig plaasgevind het nie; dit vind plaas oor 'n langdurige tydsvloerloop, en dit is iets wat aanhoudend plaasvind solank as wat daar punte van aanraking bestaan tussen die verskillende spraakgebiede. So byvoorbeeld word die Engelse beskawingsvorm tydens die agtiende en neëntiende eeu oorweldigend in Europa, en dit gee in haas alle tale aanleiding tot ontlening uit Engels. Op hierdie wyse het allerlei Engelse woorde en begrippe die Nederlandse taal binnegedring, byvoorbeeld: *Quins parlement* (Queen's Parliament, 'n soort dans), *vloek* (kudde), *overwelm* (overwhelm), *scheveren* (shiver)—tydens die sestiende eeu. So was daar al in 1665 sprake van *dem jou Dutchman*! 'n Besonder treffende geval is weer *koffiehuis* wat in die agtiende eeu in Nederland gevorm word met die Engelse *coffee house* (wat sedertdien uitgesterf het) as voorbeeld. Dink maar daaraan dat ons in Suid-Afrika teenswoordig die Engelse *tearoom* vertaal met *koffiehuis*, en dat *koffiehuise* besig is om plek te ruim vir *teekamers*, net soos die drink van koffie terug gedring word deur tee. Dis verder eienaardig dat baie Afrikaners koffie beskou as eg Afrikaans, terwyl iemand wat tee drink soms beskou word as verengels! Uit hierdie tydperk stam ook *nieuwspapier* wat presies dieselfde vorm is as die woord *nuuskoerant* wat 'n jaar of tien gelede in die Johannesburgse stedelike trems te lees was. Ook *horrelpyp* dagteken uit hierdie tydperk.

Die sterk ontwikkelde sportbedrywighede van die Engelse kultuurkring, met sy voorliefde vir perdewedrenne, krieket, tennis en voetbal, bring mee dat 'n hele aantal benaminge saam met die betrokke sportsoorte oorloop in die verskillende Europese tale, en ook in Nederlands. Ek bied hier 'n beknopte lysie aan van sportterme wat leengoed is in Nederlands—meestal ook bekend in Suid-Afrika: *match, record, handicap, referee, trainen* (*ik heb mijn body getrained*, sê die moderne Nederlander!), *starten, pacen, scoren, jockey, bookmaker, game, catch, finish, heat, umpire, tennis, offside, goal, half-back, fair, unfair*.

Daar was 'n tydperk in die geskiedenis veral in die sewentienste eeu, waarin die Nederlandse handel, skeepvaart en wetenskap sô hoog aangeskrewen gestaan het dat allerlei Nederlandse woorde in die tale van Europa oorgeloop het. So het 'n aantal Nederlandse woorde in Engels beland, onder ander 'n hele aantal seeterme: *deck, yacht, ballast, jagher, marline* (meerlyn, 'n lyn om te meer), *caboose* (*kabuis*, dieselfde woord waaruit die Afrikaanse kombuis afkomstig is), *smack* ('n visskuit), *skipper, stoker, brackish* (brak, soutereg). Ook die volgende Engelse woorde is afkomstig uit Nederlands: *brandy* (brandewyn), *brabble* (kibbel, brabbel), *clinker, golf* (kolfspel), *frolic* (vrolik), *knapsack, landgrave, landscape, morass, quacksalver, skate* (skaats), *uproar* (oproer). Engels het ook die woord *wagon* (wagen) uit Nederlands ontleen, en later het die Nederlanders weer die woord terug geleen in die vorm *waggon* as benaming van 'n spoorwegwa.

En in Suid-Afrika?

Toe Jan van Riebeeck in 1652 aan die Kaap geland het met 'n aantal van sy mense om 'n nuwe volksplanting te stig, het die groepie

blankes in aanraking gekom met 'n inheemse bevolking wat toe alreeds baie lank in daardie geweste gewoon het, naamlik die Boesmans en Hottentotte, maar veral die Hottentotte. Hulle het daardie wêrelddeel geken, die berge, riviere en spruite, die bome en bossies, en die diere hulle name gegee. By hulle het die blankes die verskillende sake leer ken, en die Hottentotname daarvan oorgeneem. Ek noem 'n aantal. Name van dorpe, geweste, berge, riviere: *Tarka, Prieska, Knysna, Karo, Koup, Gamka, Gamtoos, Gourits, Kei, Keiskamma*; wilde diere en insekte: *kwagga, gogga, oorbietjie, geitjie*, en miskien *koedoe*; Afrikaanse bome en plante: *karee, dagga, boegoe, koekmakranka, gannabos, dawetjie, ghwarrie*; Hottentotse gebruike en gebruiksartikels: *abba, kerie, karos*.

Maar die Hottentotte en Boesmans was nie bra gewillig om werksvolk te word by die blankes nie. Jan van Riebeeck was dus baie gou al genoodsaak om slawe in te voer. Hierdie groep nuweling het uit vier windstreke van die aarde vandaan gekom, maar 'n belangrike groep was afkomstig uit Oos-Indië en die taal wat hulle waarskynlik in die daaglikse omgang met hulle base gepraat het, was 'n soort hawetaal wat bekend staan as Maleis-Portugees. Onthou dat die Portugeese die eerste Europese volk was wat die seeweg na die Ooste ontdek en daar handel gedryf het. As gevolg van die handel wat hulle hoofsaaklik in die hawes gedryf het, het hulle taal vermeng geraak met dié van die inwoners en so het 'n handels- of hawetaal ontstaan wat ons vandag Maleis-Portugees noem.

Daar is taalgeleerdes (die vernaamste: Prof. D. C. Hesseling) wat die beskouing huldig dat die blankes aan die Kaap soveel Maleis-Portugees gepraat het dat hulle Nederlands onder invloed daar-

van Afrikaans geword het. Die vernaamste teenstander van hierdie opvatting is Prof. D. B. Bosman. Sonder 'n herhaling van al die gegewens in verband met hierdie twee ontstaansteorieë, kan ons tog vasstel dat as gevolg van hierdie aanraking tussen blankes en Oosterse slawe die volgende woorde in Afrikaans oorgeloop het. Ons maak 'n onderskeid tussen woorde van Indiese (I) oorsprong en woorde van Portugese (P) oorsprong. Name van Oosterse plante (I): *akkerwanie*, *jamboes*, *katjiefiering*, *nartjie*; (P): *froetangs*, *kiepersol*; Oosterse diere en visse (I): *makou*; (P): *koperkapel*, *halfkoord*; Oosterse kossoorte (I): *atjar*, *blatjang*, *bobotie*, *borrie*, *laksel*, *mebos*, *pienang*, *sambal*, *sosatie*; (P): *bredie*, *tasal*; Oosterse klere, stowwe, versiersels (I): *kabaai*, *toering*, *bafta*, *doerias*; (P): *tjatie* (miskien I.), *gorlet* (beker), *karba*, *ramkie*, *sambreel*, *kraal*; gebruiksvoorwerpe ens. (I): *sambok*, *pondok*, *parang*, en miskien *saroet* (*parang* leef miskien nog voort in ons woord: *parraslagter*); toordery (I): *doepa*, *ghoeroe*, *paljas*, *sieal*, *moesiek*; woorde by kinderspel (I): *koerang*, *sammejoa*, *tjoema*; (P): *baljaar*, en (rondom) *talie* (draai).

Maar ook hier was die beïnvloeding wedersyds. Volgens I. D. du Plessis kry ons nou nog in die Maleise buurt in die Kaap ou beddens soos dié wat die Koloniste gebruik het; party het nog die hemel daarop, en met fraai versierde kussingslope en spierwit spreie oorgetrek; in die Maleiers se huise kry ons ook nog dikwels wasblomme soos soms nog in Afrikaanse huise pryk. Die Maleiers se nuwejaarsviering, soos Du Plessis dit beskryf, laat ook in meer as een opsig dink aan die Nederlandse nuwejaarsviering.

Een van die woorde uit hierdie groep het 'n besonder belangwekkende geskiedenis in Suid-Afrika, naamlik *kabaai*. Dis 'n soort los Oosterse kledingstuk. Sommige van ons ou mense ken dit as 'n manteltjie wat om die skouers gehang word; ander weer ken dit as

'n kamerjapon of slaapjurk, soos in die spotrympie uit my kinderdae :

Jannie in sy nagkehempie.

Sannie in haar nagkabaai:

'n derde groep (nuwerwets) ken dit as 'n gebreide kledingstuk wat die vrouens gebruik om om hulle skouers te bang as hulle regop sit in die kooi, en dit word soms ook 'n slaapjakkie genoem. Ons kry dus orals die grondbetekenis terug van 'n los kledingstuk (wat mens omhang).

Nadat die blankes die Oosterse *kabaai* in Suid-Afrika ingeburger het, het die Suid-Afrikaanse inboorlinge daarmee kennis gemaak en dit in sy grondbetekenis oorgeneem, naamlik in die betekenis van 'n los kleed wat mens om (jou skouers) hang, en hulle het dit aangewend as benaming van 'n rooi, geblomde of gestreepte katoenkomers waarvoor hulle so lief is en wat hulle los om die skouers dra met net een groot haakspeld om dit vas te hou. Waar hulle die eerste keer die nuwe naam daarvoor gebruik het is nog nie uitgemaak nie; miskien het dit plaasgevind in die goudmyne op die Rand.

Maar nou moet ek eers die aandag vestig op 'n eienskap van ons inboorlingtale. Waar ons in Afrikaans agtervoegsels het, byvoorbeeld: mens (enkelvoud), mense (meervoud), daar gebruik die Bantoetale voorvoegsels om hierdie soort verskille uit te druk. Hulle verdeel hulle name van dinge in 'n stuk of ses verskillende groepe en elke groep het sy eie voorvoegsels vir die enkelvoud en die meervoud (twee vorms). Ons inboorlinge het gevolglik gedink dat die *ka-* van *kabaai* 'n voorvoegsel is, en dat die eintlike woord derhalwe *baai* moet wees. Maar geeneen van hulle het 'n groep woorde waarin die *ka-* voorkom as voorvoegsel nie, met die gevolg dat sommige van hulle *baai* gaan voeg het by dié groep woorde wat *le-* vooraan het in die enkelvoud en *ma-* in die meervoud. Ons noem dit die *le-ma-groep* of klas.

Gevolgluk praat die

Mapôers (N.-Tvl.) van *lebaai*, *mabaaï*.

Makatese en Basotoes van *lepaaï* en *mapaaï*.

Die blankes het nou weer op hulle beurt gehoor dat die inboorlinge soms van *lepaaï* en soms van *mapaaï* praat, as hulle daardie rooi katoenkomers bedoel. En dit het aanleiding gegee tot verwarring as gevolg waarvan by die blankes 'n nuwe vorm ontstaan het. In die Westelike Transvaal praat die blankes van 'n *lempaaikomers* as hulle van hierdie soort komberse praat. En langs hierdie weg is die taal van die inboorlinge en van die blankes elkeen verryk met 'n nuwe woord, en ons het een van die mooiste voorbeeld van wedersydse beïnvloeding—tot in die vierde graad!

Al na mate die blankes verder van die Kaap af weg getrek het om beter weiveld vir hulle troppe vee te bekom of om weg te kom van die lastige bestuur aan die Kaap, het hulle meer en meer in aanraking gekom met die Bantoestamme. Hierdie aanraking het meegebring dat die blankes kennis gemaak het met nuwe begrippe, nuwe voorwerpe, nuwe gewoontes, nuwe plante en diere, en telkemale het hulle ook die inboorlingname daarvoor oorgeneem. Ek noem die volgende. Name van kafferstamme: *Basotoe*, *Zoeloe*, *Betsjoeana*, *Matabelie*, *Temboe*, *Pondo*, *Bapedie*, *Barolong*, *Batlapin*; berge: *Thaba Bosigo*, *Amatola*, *Katlamba*, *Amajoeba*; riviere: *Kongella*, *Toegela*, *Mariko*; dorpe en plekke: *Taung*, *Mafeking*, *Poedimoe*, *Thabantsjoe*, *Chuniespoort* (tsuene, aap, dus Apiespoort), *gramadoelas*; diere, insekte, voëls: *tollie* (jong bees), *mahem*, *mamba* en *makoppa*, *tse-tse*, *naboom*, *tambotie*, *mapanie*, *maroela*, *moepel*, *makataan*; kafferinstellings: *pitso* (Basoetoeraad), *indaba*

(vergadering), *indoena*, *impi*, *lobola* (vroukoop); spys en drank: *djoeala* (bier), *amasie* (suurmelk), *kaboemielies*, *mahobe* (pap), *magou* (suurpap); ander: *doemêla*, *sakoebona*, *haikona*, *pasella*.

Die Kaffers het weer by die blankes kennis gemaak met nuwe gebruiksvorwerpe, nuwe begrippe, nuwe opvattinge, en te same daarmee het hulle ook die blankes se benaminge daarvan oorge-neem. Op die plaas het hulle kennis gemaak met die volgende: *polasa* (plaas), *polane* (plan), *basa* (baas), *rasa* (raas), *kwata* (kwaad), *bêrêka* (werk), *sêlêge* (sleg), *boroekoe* (broek—waarskyn-lik 'n oue!), *polanka* (plank), *sekoeroefô* (skroef), *mara* (maar), *setêrêk* (sterk), *ampoeroe* (amper). In die handel het hulle leer ken: *Patêla* (betaal), *lêkêre*, *lekeregoeta* (lekkers, lekkergoed), *lebenkele* (winkel), *toekoe* (doek). In verband met die godsdiens het hy leer ken: *kêrêkê* (kerk), *moneri* (meneer, dit is die predikant), *poekoe* (boek). Sy kennismaking met die *kontôrô* kantoor, gereghof) het ook nie lank uitgebly nie.

Toe het die Engelse in Suid-Afrika verskyn. Hulle invloed op die taal van die Hollands-Afrikaanse Koloniste het egter baie gering gebly tot en met die ontdekking van diamante en goud in Suid-Afrika in die derde kwart van die vorige eeu. Sedertdien het oor-weldigende aantalle Engelse en Engelssprekende vreemdelinge die land binnegestroom, en Engels oefen 'n magtige invloed uit op die woordeskat van die Afrikaners. Hoe ingrypend daardie invloed was en nog is, wil ek aantoon deur in hierdie besondere geval net die aandag toe te spits op die taal wat gebruik word in die mynbe-dryf. Hier, meer as op enige ander gebied in ons samelewing, tree die wedersydse beïnvloeding die duidelikste aan die lig, en hiër—meer as elders—sien ons dat die lewe inderdaad 'n eenheid is.

Toe die mynbedryf in Suid-Afrika posgevat het as gevolg van die ontdekking van diamante en goud, was die Afrikaners nog bykans uitsluitend bewoners van die platteland—saai- en veeboere. Veral hier in die Noorde was die toestande nog volkome ongevestig: die mag van die inboorlinge was nog nie aan bande gelê nie; die Groot Trek het nog maar skaars afgeloop; die hoekbakens van die verskillende plase was nog nie orals vasgestel nie; daar was haas geen paaie nie; brugge het ontbreek; 'n gereelde posdiens het net bestaan op die groter plekke. Met ander woorde, die Afrikaners hier in die Noorde het aan die begin gestaan van 'n lang, moeisame ontwikkeling. Hulle was heeltemal by die aanvangspunt van hulle nasieskap.

En in daardie tydperk ontstaan daar in hulle midde, skielik en sonder dat hulle daarna verlang het, 'n bedryf wat die hoogste tegniese vaardigheid vereis, tegniese kennis, 'n georganiseerde bedryf wat nie net die hoogste eise stel aan die vernuf en vindingrykheid van die mens nie, maar ook en veral aan sy taalvermoë.

Ná hierdie beknopte uiteensetting verwag ons nie dat Afrikaans (Hollands) in die vroegste tydperk 'n belangrike bydraë sou gemaak het tot die vaktaal van hierdie nuwe bedryf nie.

Die Afrikaners sou egter tog onuitwisbaar hulle spore op die goudvelde nalaat in verskillende opsigte. Eerstens is dit die Boere wat die wêreld hierlangs makgemaak en beskaaf het; wat die grond bewoonbaar gemaak het; die plase, riviere, spruite, en berge name gegee het. Die volgende nege plase is byvoorbeeld in 1886 die eerste tot goudwery verklaar op die Witwatersrand: *Langlaagte, Driefontein, Randjieslaagte, Doornfontein, Vogelstruisfontein, Paardeplaats, Turffontein, Elandsfontein, Roodepoort*. Later word bygevoeg: *Paardekraal, Klipriviersberg, Vogelfontein, Grootdraai, Leeupoort, Klippoortjie*.

Afrikaans is ook die volgende riviere: *Jukskeirivier, Sesmylspruit, Witpoortjie, Natalspruit*; fonteine: *Braamfontein, Doornfontein, Driefontein* (d.i. Springs), *Brakpan, Klipriviersoog*; berge: *Witwatersrand, Klipriviersberg, Gatsrante, Aasvoëlkop* (nou *City View* en *Northcliff*); laagtes: *Langlaagte, Randjieslaagte, Elands-laagte*.

Wat die aardrykskundige benaminge betref, het die omgewing dus 'n volslae Afrikaanse geaardheid voordat die goudmyne geopen word.

Hierdie geaardheid word deels bestendig deurdat die goudriwwe wat ontdek word heel dikwels die naam kry van die eienaar van die plaas waarop dit ontdek word, byvoorbeeld: *Erasmus, Ras, Wepener, Du Preez, Botha* en *Bantjies*. In laasgenoemde geval hou die naam verband met die prospekteerder.

Maar ook in verband met die eienaardige grondformasie bly sekere Afrikaanse woorde steek in die vaktaal van die goudmynbedryf, naamlik die drie woorde: *banket, rif* en *ou-klip*.

Die vaktaal is egter op 'n belangrike wyse beïnvloed deur die amptelike taal van die Republiek, naamlik deur middel van die goudwette. Die wette was in Hollands opgestel en sekere benaminge daarin het oorgegaan in die algemene vaktaal. Al is die wette dan ook later—tydens die bestaan van die Republiek nog—in Engels vertaal, is die betrokke terme behou en hulle vorm vandag soms nog 'n lewende bestanddeel van die vaktaal omdat hulle nuwe begrippe uitdruk. Hier volg 'n opgawe: *mynpag, mynpagter, besitreg, standplase, erwe, bewaarplase, werf, vergunning, uitvalgrond*.

Ná die Tweede Vryheidsoorlog is *besitreg* teruggedring tot die regspraktyk. 'n *Bewaarplaas* is 'n stuk grond 200 voet vierkant, waarvan slegs die oppervlakte verhuur is aan die mynmaatskappye om gebreekte klip, modder, ens., op te gooi of te „bewaar.” Prak-

ties het sulke bewaarplase geen goud bevat nie, maar met die ontdekking van die diepmyne het dit gou geblyk dat die bewaarplase 'n onskatbare waarde het. Vervolgens het die mynmaatskappye tydens die bewind van die Republiek nog 'n lang prosedeerdery aan die gang gesit om die ondergrondse goudreg ook te verkry, en die lang agitatie het eers teen 1917 afgeloop. As gevolg van hierdie geweldige inspanning waarskynlik, kon die woord *bewaarplaatsen* nooit heeltemal verdring word uit die vaktaal deur die Engelse *tailing sites* nie.

Mynpag, *mynpagter* is ná die Oorlog verdring deur *mining leases*, alhoewel die oorspronklike woord nog bewaar gebly het in die naam van 'n hotel: die *Mijnpachthotel* in Booyen. *Uitvalgrond* is dié stukkies grond wat by die haastige uitmeting van die kleims orals tussenin uitgeval het. Oorspronklik was hulle waardeloos omdat hulle te klein was. Die samesmelting van die mynmaatskappye later, en die opname van die uitvalgrond wat langs hierdie weg noodsaaklik geword het, het meegebring dat die woord *uitvalgrond* nie 'n aparte bestaan kon handhaaf in die vaktaal op die Rand nie—dit verdwyn saam met die saak.

Standplaatsen het ook 'n mooi geskiedenis. Auret Pritchard, een van Johannesburg se eerste landmeters, verklaar dat niemand verwag het dat Johannesburg ooit ouer sou word as 'n jaar of vyf nie. Gevolglik het die Volksraad besluit om in Johannesburg slegs *standplaatsen* te laat uitmeet, letterlik staanplekke vir waens, elkeen met sy span osse daarby. Uit *standplaatsen* ontstaan die Engelse verkorting *stand*, met die meervoud *stands*. Die eintlike Johannesburg behou dan in sy kern onuitwisbaar die bewys van die feit dat dit 'n mynkamp was, want in die hartjie van die stad is daar nou nog geboue vasgeknyp op stukkies grond wat net groot genoeg was om te dien as staanplek vir 'n ossewa en 'n span osse.

Wat Afrikaanse woorde betref, het die vaktaal op die Rand in twee gevalle die erfgenaam geword van die ouer delwerye (Kimberley, Barberton, Kaapse Hoop), naamlik *slenter*, *slentergrond*, dit is vals goud, nagemaak, oneg, 'n woord wat aanleiding gegee het tot die spotnaam *Schlenterfontein*—'n denkebeeldige goudmyn waarmee allerlei bedrog in verband staan, iets wat nogal nie skaars was in die vroegste tydperk nie! Die tweede woord is geen vakterm nie, maar dit hou tog verband met die mynbedryf: *rooinek*! Dit het op die ouer delwerye ontstaan as benaming van die eerste groep goudsoekers wat met 'n bondeltjie op die rug en met nek en ore rooigebrand in die binneland verskyn het. Omdat dit die enigste soort Engelsman was waarmee die Boere eertyds kennis gemaak het, het die naam *Rooinek* later gewoonweg *Engelsman* gaan beteken.

As ons nou al die Afrikaanse (Hollandse) woorde wat verband hou met die Randse goudmyne nader ontleed, dan vind ons eerstens: die name van plase, riviere, fonteine, berge, laagtes, poorte, eienaars, ontdekkers; tweedens: 'n groepie woorde wat uiterlike aardkundige kenmerke aandui (bo-op die grond); en derdens: 'n groepie woorde wat verband hou met die verdeling van kleims en die huur daarvan.

By die eintlike goudontginning en bewerking met al die ingewikkelde masjinerie en prosesse, lewer die ou bronne geen Afrikaanse woorde op nie. Bo-op die grond dus kry ons in daardie ou dae nog die taal van die Afrikaner, maar onder die grond, in die werkwinkels, by die stampers, in die smelterye—by die eintlike insameling van die skatte—het hy in daardie vroeë tydperk geen aandeel nie. Hy het die wêreld bo-op makgemaak. Die skatte binne in kon hy nie insamel nie.

Teenswoordig het die toestand natuurlik al lankal grondig verander. By die vreemdeling het die Afrikaner die bedryf afgekyk en

omdat sy vernuf goed was, het hy gaandeweg so gevorder in hierdie rigting dat goed driekwart van die blanke mynwerkers onder die grond Afrikaanssprekend is, en die feit dat die bedryfskoste van die goudmyne nog jaarliks daal, getuig van die tegniese vaardigheid wat die Afrikaanse mynwerkers verower het. Maar dit was nie altyd die geval nie.

Die Afrikaanssprekende het dan wat die goudmynbedryf betref, in die leer gegaan by die Engelssprekende: Uitlanders, Rooinekke, Cousin Jacks (uit Cornwallis). Op hierdie manier het hy kennis gemaak met 'n *prospector*, 'n *kleim*—alreeds op die diamantdelwerye. As 'n stuk grond klaar *geprospect* is, dan word die *kleims afgepen*, gewoonlik deur middel van 'n *rush*. Dan neem die ontginning 'n aanvang. Die erts word *gecrush*, en daarvoor het hulle vroeër 'n *dolly* gebruik. En as die kleim ryk is, dan *float* die *digger* 'n *kompanie* en hy verkoop *shares*. As die kleim nie ryk is nie, dan word dit eenvoudig *gesalt* of *gesout*, en dan *float* jy maar weer. As jy te laat by die *diggings* aangekom het, en daar is nie meer kleims beskikbaar nie, dan kyk jy jou kans af en jy *jump* (Afrikaans: *jomps*) iemand anders s'n. En as jy nie een kon *gejump* het nie, dan word jy 'n *I.G.B.* (*illicit gold buyer*—onwettige goudkoper) en jy maak staat op die hulp van die skelm kaffers in die *compounds*.

Die Afrikaanse mynwerker het dan die volgende groepe woorde aangeleer in verband met die goudmynbedryf. Algemene woorde: *kompanie*, *pressie*, *reparasie*, *seksie*, *shift*, *mynstoor*, *amalgamasie*, *promotors*, *vendors*, *shares*, *dividends*; amptenare en werklui: *banksman*, *manager*, *shiftboss*, *mine captain*, *underground manager*, *ganger*, *miner*, *sinkers*, *onsetters*, *ingendrywer*; beveiliging, gesond-

heid, siekte: *gassing, wentilasie, safety lamp, kompensasie, primary stage* (tering), *silicosis, taaisis, hookworm*; materiaal: *carbide, King Miners* (skoene); uitgrawing van erts, ens.: *dewelopment, vloer, hanging, props, styte* (klipstawel), *change house, station, raise, shaft, vertical, incline, stope, drive, fault, dyke, cross-cut, winze lewels, pack, jim crow, chisel*; skietwerk: *Jack Hammer* (boor), *jumper, fire, sockets, fuse, opcharge, cap, misfire, drill, primer, blasting* (blaas!), *gelatine, compressor, punch*; vervoer: *boilerhouse, engine room, skip, cage, hoist, headgear, rails, sleepers, koekoepan, tip*; grondformasie: *dip, outcrop, diep lewel*; ertsbewerking: *crushing, slimes, dumps, shoes and dies, cyanide process*.

Sedertdien het 'n nuwe geslag Afrikaanse mynwerkers Afrikaanse name gevind vir hierdie begrippe wat aanvanklik so vreemd was vir hulle voorsate dat hulle taalvermoë daardeur verstom geraak het.

Die beursspekulasie en die sogenoemde goudmagnate wat die gevolg is daarvan, het in Suid-Afrika aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n nuwe begrip en 'n nuwe woord: *Hoggenheimer*! In verband met die geskiedenis van hierdie woord deel Sarah Getrude Millin in haar lewensbeskrywing van Genl. Smuts die volgende mee: „There was in particular a cartoonist called Boonzaaier who got a generation of fun and use out of *A Century of Wrong*. He drew for the Dutch papers a shifty-looking individual cringing before a gross Semite.... The gross Semite was one *Hoggenheimer* (derived from a character in a musical comedy that came to the Cape early in the century.” Teenoor hierdie mededeling van Millin wil ek 'n tweede waarskynlike afleiding van die woord plaas. Een van die ryk Randse mynbase, wat ook 'n belangrike rol gespeel het in verband met die strooptog van Jameson, het in 'n huis gewoon in Johannesburg wat bekend gestaan het as *Hohenheim*. Iemand wat

in so'n huis woon, heet dan 'n *Hohenheimer*, en as so'n *Hohenheimer* dan nog in 'n verdagte lig staan en hy is daarby 'n miljoenêr, dan ontstaan daaruit baie maklik die vorm *Hoggenheimer* in die betekenis van 'n ryk mynbaas wat sy skatte op onwettige wyse aanwend om politieke seggingskap te verkry. Die woord is dus waarskynlik Duits-Joods van afkoms.

Behalwe *Hoggenheimer* is daar 'n hele groep woorde in die omgangstaal aan die Rand wat aantoon hoe groot die mengelmoes was waaruit die bevolking hier opgebou is. Ons kry Australiërs, Amerikaners, Engelse, Wallisers, Hollanders, Duitsers, Franse, Jode, Boere, en dan nog die verskillende groepe inboorlinge wat moes diens doen as werkvolk—aanvanklik veral in die myne.

Hoggenheimer is dan miskien Duits-Joods. *Tooronga*, die naam van 'n spoorwegstasie op die Rand, is afkomstig uit Australië asook die oudste soort goudstamper wat hier aangewend is—die *dolly*. Belangwekkend is dat een van die oorspronklike landmeters van Johannesburg een van die strate *Dollystraat* wou noem. Weens 'n drukfout het dit egter *Pollystraat* (Jeppe) geword, 'n fout wat tot op die huidige oomblik nog nie herstel is nie.

In die myne, voordat die lont aan die brand gestee word, skreeu die kaffers waarskuwend: *Tjiesa!* dit brand. En in die amptelike mynwerkerstaal heet die vuurstok wat gebruik word om die skietlont aan te steek 'n *tjiesastok*.

Op die Rand is 'n sterk kafferdrank bekend: *skokiaan*, 'n woord wat ook deur die blankes gebruik word. Dit is waarskynlik 'n Zoeloewoord. *Isikokeya* is 'n kring by die dans. *Isikokeyana*—met die verkleiningsuitgang *-ana*—is 'n geheime gat in die grond, en

uit hierdie woord het *skokiaan* ontwikkel. Die *gat* waarna verwys word in die naam, is 'n aanduiding dat die bier onwettiglik gebrou is en derhalwe moet dit iewers in 'n gat weggesteek word sodat die speurders dit nie in die hande kan kry nie. Die naam van die bergplek het dus oorgegaan op die drank.

'n Drinkplek waar sulke onwettige *skokiaan* bekombaar is—ook vir blankes—heet in Johannesburg 'n *shebeen*. Dis 'n woord wat afgelei is van die Kimriese *seibin* wat 'n klein bekertjie beteken. 'n *Shebeen* is dus 'n drinkplek waar drank verkoop word sonder liksens. Die woord is afkomstig uit die land van die *Cousin Jacks* en daar is dit 'n verwysing na die feit dat hierdie onwettige drinkplekke 'n kleiner drinkbeker gebruik as die drinkplekke met liksens, en ook dat die drank wat hier verkoop word, minderwaardig is.

Afrikaanssprekendes in die Goudstad gebruik dikwels die woord *laitie* as (geringskattende) aanspreekvorm, ook teenoor blankes. Dit word afgelei van 'n Sesotoe woord *malaita*, d.i. dief, rower. Die blankes gebruik die woord in die betekenis: rondlopertjie, straatleertjie—geringskattend dus.

Hoggenheimer, Tooronga, dolly, tjiesa, skokiaan, shebeen, laitie—Duits-Joods, Australies, Zoeloe, Sesotoe, Kimries!

Al bestaan daar dan duidelike maatskaplike grenslyne tussen die verskillende bevolkingsgroepe op die Rand, is hulle aanraking met mekaar tog so nou van aard dat wedersydse beïnvloeding geensins te vermy is nie.

Ons het reeds gesien dat aan die Rand 'n aantal Afrikaanse woorde oorgegaan het in die Engelse vaktaal. Ook elders in Suid-Afrika het die Engelssprekendes voortdurend by die Afrikaansspre-

kendes kennis gemaak met nuwe begrippe, begrippe wat veral verband hou met die landelike lewe: name van plekke, riviere, berge, fonteine, name van dinge wat verband hou met die boerdery en die treklewe, name van diere, voëls, visse, insekte, name van ou Hollandse mate, ens. Ek gee 'n baie beknopte lysie:

Plaas- en treklewe: *trek, inspan, uitspan, sambok, laer, skans, riem, skei, erf, brak, hamel, hok, baas, trippelaar, skimmel, skut, agterryer, agtertang, bywoner, langwa, kommando*; diere, voëls visse, ens.: *aasvoël, vogelstruis, steenbras, bawer, blaasop, dassie, spreeu, mossie, vink, stompneus, kabeljou, snoek, koggelmander*; eetware: *banket, biltong, wors, biskuit, mosbolletjies, askoek*; mate: *morg, mud, aam*; name van plekke, berge, riviere: *nek, krans, sloot, vlei, rif, koppie, veld, bosveld, berg, spruit*; ander: *eina, voertsek, darem, sommer, neuk*.

Pettman erken dan ook volmondig in sy Africanderisms: „the English colonist would find himself sadly hampered every day had he to do without them.”

Baie Afrikaners glo egter dat hulle 'n regmatige grief het teenoor die Suid-Afrikaanse Engelse in verband met die spelling van Afrikaanse woorde wat opgeneem is in Engels. Mens hoor heel dikwels dat die Engelse sulke woord met opset anders spel as die amptelike spelling in Afrikaans, met die doel om die Afrikaners se siel te verpes! Ek glo nie dat ons die minste reg het om so'n grief te koester nie. Immers, Engels is hulle taal, en as hulle verkies om woorde op sekere maniere te spel in hulle taal, wat kan dit ons skeel? Maak ons nie ook maar so nie? Die Engelse *tram* word in Afrikaans *trem*; *cab* word *keb*; *bustle* word *basseltjie* (die onmisbare semelsakkie by die ouderwetse damesdrag!); die *khama ndoela* van die inboorlinge word gramadoelas in Afrikaans.

Trouens, elke volk het sekere spraakgewoontes en in elke skryftaal word bepaalde waardes geheg aan bepaalde skryftekens. Die Afrikaanse *wragtie* klink vir die Engelsman soos *wragter*! En as die Engelsman uitspreek wat hy as *wragter* skryf, dan sal mens hóór dat dit werklik *wragtie* is!

Verder, as die Engelsman nog *laager* en *vogel*, *schanz* en *kranz* skryf terwyl ons al lankal in Afrikaans *laer*, *voël*, *skans* en *krans* het, dan moet ons bedink dat ons voorouers self 'n Nederlandse spelling gehad het en dat die Engelse waarskynlik toeka al met die betrokke woorde in hulle s.g. Nederlandse vorm kennis gemaak het.

Ek glo ook dat as jy tog 'n vreemde woord moet aanneem omdat dit 'n begrip vertolk wat nie by jou eie volk ontstaan het en weens plaaslike omstandighede nooit by jou volk kan ontstaan nie, dan moet daardie woord tog maar so gou as moontlik 'n Afrikaanse baadjie aankry. Behou jy die woord met sy vreemde spelling, dan veroorsaak dit nie net dikwels 'n verkeerde uitspraak by die gewone mens nie, maar soms bly jy hom aanvoel as 'n vreemde indringer en pleks dat dit jou gees verryk, belemmer dit jou spraak en daar bly in jou 'n gevoel van minderwaardigheid hang, om nie eers melding te maak van die onnodige verwarring wat sulke woorde veroorsaak in die spelling en grammatika van jou taal, en die ophoping van uitsonderings wat daardeur ontstaan nie.

Maar ook op ander gebiede van die lewe neem ons daardie voortdurende wisselwerking waar tussen groep en groep, tussen volk en volk, tussen kultuurgedagte en kultuurgedagte.

Toe die Christendom oor Griekenland en Rome die land van die Germane in die Noorde, binnegedrink het, het daar eerstens 'n hele aantal nuwe Grieks-Latynse woorde saam met die nuwe godsdiensvorm die noorderlande binnegestroom. Ek noem die volgende: *paap, pinkster, duiwel, priester, biskop, koster, diaken, klerk, peet, leek, martelaar, pelgrim, klooster, skool, altaar, orrel, bybel, skrif, kruis, tempel, testament, evangelie, preek, predikant, konsistorie, kerk, offer, psalm, sakrament, aalmoes, seën, kapittel, uur.*

Maar meer nog. Sodra die christelike kerk in die Germaneland dring, ontstaan daar 'n wisselwerking tussen die twee geloofswêrelde. In sommige gevalle is byvoorbeeld heidense feeste, feesgebruike, van hulle heidense geaardheid ontdaan en diensbaar gemaak aan die christelike kerk; heidense bronne en putte word die plek waar bekeerlinge die christelike doop ontvang; op heidense offerplekke verrys geboue waarin die christelike leer verkondig word, waarin die God van die Christene aanbid word.

Die wisselwerking gaan van twee punte af uit. Enersyds maak die predikers van die nuwe geloof gebruik van die ou bestaande begrippe en voorstellinge om die nuwe begrippe in bevatliker vorm te klee; andersyds het die volk self op die ou patroon voortborduur met 'n nuwe draad. Só het dit gebeur dat Moeder Maria in menige opsig die plek inneem of eienskappe aanneem van die ou Germaanse godin Freyja, en Sint Nikolaas van die Germaanse oppergod Wodan. So het dit ook gebeur dat baie van die feesgebruike wat ons vandag nog huldig in verband met die viering van Kersfees, teruggaan op ou Germaanse heidense gebruike en opvattings.

En ten slotte, so het dit ook gebeur dat die duiwel 'n persoonlikheid gekry het. Die ou Germaanse godewêreld het nie so'n voorstelling van 'n volstreckte boosaardige wese geken nie. Die begrip *duiwel* kom na die Noorde te same met die christelike leer. Daar het

dit egter nie by gebly nie. Die eerste botsing tussen Germanedom en Christendom, het as gevolg dat die verkondigers van die nuwe leer die ou Germaanse gode bestempel as bose geeste, soos vandag nog op die Afrikaanse sendingveld gebeur. Dit loop daarop uit dat eienskappe van die ou Germaanse gode die nuwe begrip: *duiwel* gaan aankleef. Die uiteindelijke resultaat is dat die duiwel soos hy in die verbeelding van die volk leef met sy drietandvurk, sy pylpuntstert, sy bokbaard en pote, sy harige liggaam, en die duiwel soos ons hom aantref in die Skrif, nie meer dieselfde persoonlikheid is nie. En dit is die gevolg van die nimmereindigende wisselwerking tussen mens en mens, groep en groep, volk en volk, kultuurgedagte en kultuurgedagte.

In Suid-Afrika beleef ons op die huidige tydstip dieselfde wisselwerking. Op die gebied van die geneeskuns lees ons byna daaglik in die nuusblaaie van blankes wat hulle toevlug neem tot die een of ander bekende Slams of Kaffertoordokter. Kort-kort is daar hofsake aan die gang omdat blankes die hulp van Slamse ingeroep het om verborge skatte aan te toon en toe bedroë uitgekóm het. In toenemende mate heg die blankes waarde aan die Slams se paljas, sy liefdesdrankies, sy geneesmiddeltjies, sy vermoë om goëlaars aan te toon; luister maar na ons volksmense waar hulle vertel dat die Slams hulle 'n poeier ingegee het en dat hulle toe 'n maatskottel vol akkedisse, paddas, en allerlei viesige, kruipende gediertes opgebring het.

Ook ons aanraking met die inboorlinge het as gevolg dat ons van mekaar bestanddele van die volksgeloof oorneem. By die Bantoës tref ons byvoorbeeld 'n gestaltetjie aan wat bekend staan as *Thikoloshe*, 'n geheimsinnige figuurtjie met 'n ontsaglike lang baard. Hy is soms 'n vlaktegees, soms 'n handlanger van die Kaffertoordokters. *Thikoloshe* het by die blankes *Tokkelôsie* geword, en ons

skryf allerlei soorte goëlerie aan hom toe. As jy snags al jou borde in die spens te pletter hoor val en jy gaan kyk en sien geen enkele stukkende bord nie, dan moet jy weet Tokkelôsie, die goëlaar, is besig om jou te kwel. En tog ken die Bantoes nie hierdie Tokkelôsie nie, alhoewel die kiem daarvan in hulle volksgeloof aanwesig is. Dit is wisselwerking.

Die nimmereindigende wisselwerking wat die uitvloeisel is van die noue aanraking tussen kulture, tussen volke, die uitvloeisel van die eenheid van die mensdom, werk nie altyd verrykend op die gees van die betrokke volke nie, maar soms ook verarmend.

Die mens reageer op die besondere toestande en omstandighede wat hy in sy omgewing aantref. Daar is dan ook heelwat voor te sê dat die kultuur van 'n volk—die geestesgoedere wat die volk self skep—omskryf kan word as die antwoord van daardie volk op die prikkel van sy omgewing.

Een van die opvallendste omstandighede in Suid-Afrika is dat verskillende bevolkingsgroepe met andersgeaarde kulture naas en deurmekaar woon. Ons vind Afrikaanssprekendes, Engelssprekendes, verskillende groepe anderstalige Europeane en die sprekers van verskillende inboorlingtale binne in dieselfde gebied, as onderdane van dieselfde staat. En die feit dat ons só naas mekaar en deurmekaar woon, kan nie sonder uitwerking bly op die kultuur van die verskillende groepe nie.

Een van die merkwaardige uitwerkinge van hierdie saamwoon, is dat die mededinging tussen die verskillende groepe op allerlei gebied geweldig geprikkel word. Elke groep voel dat sy eer daarmee gemoei is om op elke terrein soveel as moontlik uit te blink. In 1893

verskyn daar in een van die Johannesburgse dagblaaië die volgende uitlating na aanleiding van die uitslag van die Kaapse universiteits-eksamens: „It is noticeable that for the most part the names of the markwinners are essentially English. Are we to conclude from this that the new element for which the Rand is responsible (d.i. die *Uitlanders*) is going to beat the sons of the soil at the educational toil?” Ons kan lig hierdie eienaardige uitlating begryp as ons terugdink aan die toestande van 1893. Dit is net ná die Eerste Vryheidsoorlog, die slag by Majoeba, die erkenning van die vryheid van die Transvalers, en die Boere het ’n bietjie geringskattend neergekyk op die ou Rooies. En die antwoord van die Rooinekke op hierdie geringskating was ’n poging om uit te blink op elke gebied, en as hulle tog nog oortref word, dan kom die poging om die ander man se wel-slae te verkleineer.

Hierdie soort optrede is wel ’n bietjie primitief, kenmerkend van die kind, maar ons moet leer om dit te beskou as ’n doodnatuurlike reaksie by die persoon of groep wat voel dat hy die mindere is en wat behoefte daaraan het om sy gevoel van eiewaarde te herstel. En waar verskillende groepe en volke saamwoon, is daar dikwels ’n uitgesproke neiging waar te neem om aan sommige groepe ’n hoër maatskaplike waarde toe te ken as aan ander. En dan kom die negatiewe verskynsels in ’n kultuur tot openbaring.

Neem maar as voorbeeld ons alombekende begrip: *kafferwerk*, ’n begrip wat deur ons volk self geskep is. Ons omstandighede het meegebring dat die ongeskoolde werk in Suid-Afrika in die verlede hoofsaaklik gedoen is deur inboorlinge en kleurlinge, maar onder die toesig van ’n (ongeskoolde) blanke. Gaandeweg het die opvatting begin wortelskiet dat sekere soorte werk net deur inboorlinge of Kaffers gedoen kan word, byvoorbeeld vloere smeer of opvryf, potte skuur, padmaak, die spoorbaan in orde hou, vee oppas—al die minder

aansienlike en minder lonende werkies. Ander tye bring ander omstandighede. Die plase kan nie meer 'n uitkoms bied aan al die blankes nie. Droogtes, veesiektes, sprinkane, 'n gebrek aan lewensdrif en werklus het meegebring dat baie blankes uitgeboer het en bywoners moes word op hulle eie plase of na die stede moes uitwyk om as onbedrewenes 'n bestaan te probeer maak in die nywerheids-wêreld. En al wat hulle dáár te doen kon vind, was juis die sogenoemde kafferwerk. En nou is dit opmerklik dat ons in Suid-Afrika begin praat het van *armblankes* en *blanke arbeiders*, maar nooit van *arm-kaffers* nie. In albei gevalle kom die klemtoon op *blanke*, net asof dit so'n godswonder is dat blankes moet werk of arm moet wees. Dis nie tragies dat 'n blanke moet werk met sy hande nie, dat hy moet swoeg en sweet nie. Dis vir die blanke geestelik en liggaamlik net so heilsaam as vir die Kaffer. Dis pas tragies wanneer mens jou moet afsloof en dan nog jou gesin van gebrek moet sien vergaan. Die oplossing is nie om kafferwerk af te skaf nie, maar om beter lone te betaal. Maar dit is nie tersake nie.

Hoe beïnvloed hierdie geesteshouding teenoor arbeid ons kultuur? Dis opvallend dat juis die onaansienlike werkies gewoonlik deur spanne verrig word—padmaak, werk met pik en graaf, klippe breek. As ons na 'n span Kaffers staan en kyk wat straatmaak, dan word ons al gou getref deur die feit dat hulle soveel as moontlik die pikke, stampers en grawe gelyk optel en na benede bring, en so word 'n ritmiese beweging verkry waaruit die arbeidslied gebore word. Dit is opvallend dat ons in Suid-Afrika geen arbeidsliedere ken vir blankes nie—in Europa wel. Boshoff maak slegs melding van één, en dan betwyfel hy nog tereg die ontstaan daarvan by blankes. Hierdie verskynsel beteken dus enersyds dat ons mense nie spanwerk gedoen het nie; andersyds beteken dit dat waar ons mense tog spanwerk moet doen, daar doen hulle dit stilswyend.

Maar dis geen stilswye wat die siel verryk nie. Dis die stilswye van die mens met 'n wrok in sy siel, 'n wrok omdat hy sülke werk moet doen. Hierdie arbeid verryk hom dus nie, verhoog nie sy gevoel van selfagting nie, omdat sy siel nie bevryding vind in die lied wat hom aan sy makkers bind nie. En die geld wat hy met sulke arbeid verdien, het geen seën nie, dit verdwyn in die niet.

Dit spreek boekdele dat die ou Hollandse *meid*, diensmeisie, en *jongen*, en die Engelse *maid* en *boy* in Suid-Afrika ontwikkel het tot woorde wat mens meestal uitsluitend gebruik teenoor jou inboorlingwerkvolk!

Hierdie houding teenoor die inboorlinge het by Afrikaners uitgeloop op die feit dat ons nie sokker-voetbal speel nie; ons noem dit 'n meidespel; nog meer: as iemand bang is, dan sê ons hy is 'n *ou meid*, en as iemand sleg is dan sê ons hy is *kaffersleg*.

Nog 'n nadelige uitwerking merk ons op in die blankes (Afrikaans en Engels) se opvatting in verband met wonings. In Europa spog die verskillende stede met die feit dat die huise soms strate aaneen eners gebou is. Dit is soms so erg dat as jy as vreemdeling na iemand gaan soek, dan moet jy juis die nommer van sy huis ken, anders soek jy te vergeefs tussen al die huise wat presies na mekaar lyk. En dit is werklik bekoorlik om so'n straat te sien met een soort deure, een soort vensters, een soort stoep, een sort dak, een soort straatlamp. Die enersheid daarvan verleen aan so'n straat 'n eie karakter, 'n eie persoonlikheid byna.

In Suid-Afrika vind ons net in die lokasies sulke enerse wonings. As daar twee wonings in die blanke woonbuurte naasmekaar staan, spekulasiehuise wat eners gebou is, dan vind jy heel dikwels dat persone beswaar maak om daarin te woon. En nou dat die verskillende stadsrade besig is met goedkoop wonings vir die armstes, en waar sulke wonings om begryplike redes eners gebou

word, daar praat die blankes van *wit lokasies* en die mense wat daarin woon, is gebrandmerk!

Watter houding moet mens inneem teenoor al die vreemde indringers in jou taal, die vreemde indringers op die gebied van jou kultuur?

Taal is hoofsaaklik 'n skepping van die gees van die mens, en dit dien allereers om die een mens in staat te stel om sy behoeftes en sy gedagtes aan sy medemens mee te deel. Buitekant die gees van die mens het die taal geen bestaan nie.

Die beste taal is dus dié taal wat die spreker in staat stel om met die minste omhaal van woorde sy gedagtes die volledigste en op die helderste wyse uit te druk. As ons nou in die omstandigheid verkeer dat ons kennis maak met voorwerpe wat ons nie self gemaak het nie, sedes en gewoontes wat nie by ons ontstaan het nie, en waarvoor ons derhalwe geen eie, inheemse benaminge het nie, maar dinge wat tog vir ons nuttig is omdat hulle ons bestaan vergemaklik en omdat hulle voorsien in 'n lewensbehoefte, dan moet ons eenvoudig maar die vreemde naam aanneem. Die ding wat die *trein* trek kan ons 'n *lokomotief* of *enjin* noem. Maar *trein* en *lokomotief* of *enjin*, *guard* of *kondukteur*, *steward* of *kelner*, is in hulle oorsprong vreemde woorde. Sal ons nou weier om hierdie hele nuwerwetse gedoente in ons land toe te laat net omdat ons dit nie self uitgevind het nie? of net omdat ons geen eie, inheemse name daarvoor kan vind nie? Hoe lank sal dit dan in so'n geval duur voordat ons die hele wêreld deur bekend staan as 'n volk wat doodarm is aan kultuur en agterlik? Dit geld nog altyd dat nie dié volk wat die minste geleen het by sy bure, die volk is wat die rykste is aan kultuurbesit nie,

maar wel dié volk wat ook geleen het wat hy nodig het, maar wat die geleende goed eie gemaak het aan en aangepas het by eie volksaard en eie landsomstandighede. En ons in Suid-Afrika sal nog baie jare in die omstandighede verkeer dat ons meer sal moet leen as wat ons kan gee aan die anderstalige buitewêreld. Die toets wat vir ons gestel moet word is dus nie of ons telkens 'n nuwe naam kan vind vir elke nuwe uitvindsel nie, dus nie 'n taaltoets nie, maar wel of ons kultureel só hoog staan dat ons ook 'n behoefte het aan daardie nuwe uitvindselfs en dit kan omvorm tot eiegoed. Hierin lê die toets van die geeskrag van ons volk.

Verder: ons leen by die inboorlinge sonder om te blik of te bloos; as ons 'n inboorlingwoord nodig het, vat ons hom eenvoudig. Die Hollanders maak ook so. As hulle behoefte het aan 'n Engelse of 'n Franse woord, dan vat hulle hom en hulle gebruik hom dood luiters asof hy 'n ou Hollandse burger is. Maar die Hollander verseg dit om 'n Duitse woord te leen! Waarom? Omdat hy voel dat hy kultureel en staatkundig uit daardie kant bedreig word met ondergang. Net so verseg die Afrikaners gewoonlik om uit Engels te leen (en die Engelse in Suid-Afrika om uit Afrikaans te leen); 'n paar anglisismes in 'n geskrif is dikwels voldoende aanleiding vir die resensente om dit in die dooiboek te laat opskryf. Waarom? Omdat ons kultureel uit daardie rigting bedreig word, en die enigste teken van die ander geaardheid van ons strewinge en opvattings, is dikwels slegs die suiwerheid van ons taal.

Mens kan op die gebied van jou taal, net soos op baie ander gebiede van die lewe, ook te duur betaal vir 'n suiwerheid wat nie altyd 'n waarde op sigself het nie.

Solank as wat die aarde bewoon word deur mense, sal daardie mense in groepe verdeel wees en hulle sal verskillende tale praat, en daardie groepe—as hulle nie in hulle afsondering en gevolglik ag-

terlikheid ten gronde wil gaan nie—sal voortdurend ook by die ander groepe nuwe voorwerpe en begrippe te same met hulle name moet gaan leen. En elke volk wat werklik iets het om by te dra tot die algemene lewensbehoefes, sal ook sien dat woorde uit sy taal die hele wêreld deurreis. Die Romeinse soldate het orals terme in verband met hulle leërinrigting versprei, en saam met hulle het die Christendom en die woorde wat daarmee saamhang, versprei geraak oor Europa en verder oor die wêreld. Toe Holland sy goue eeu beleef het, het die terme wat verband hou met die magtige Hollandse skeepvaart van daardie dae, saam met die Hollandse vloot uitgeseil en in talle vreemde hawes bly steek. Nou is die beurt aan die magtige Engels-Amerikaanse beskawingskring. Daar sal ook 'n tyd kom dat dit anders is. En wie sê dat ons nie ook aan die beurt sal kom nie?

Die lewe bly een groot geheel, tenspyte van al die teenstellings. Ons gee almal, en ons ontvang almal: party gee meer, party ontvang meer. En wie sal uitmaak of dit hier saliger is om te gee of om te ontvang?

Sonder om telkens die bron te vermeld, het ek ruimskoots geput uit die volgende werke, wat ook waardevol is vir dié lesers wat dieper wil deurdring in die verskillende vraagstukke :

Boshoff, S. P. E. :

1. Volk en Taal van Suid-Afrika.
2. Beskouinge en Fekte.

Bosman, D. B. :

Oor die Ontstaan van Afrikaans.

Coetzee, Abel :

1. Opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand.
2. Die Afrikaanse Volksgeloof.

Groenewald, C. F. :

Rympies en Raaisels.

Heever, C. M. van den :

Die Afrikaanse Gedagte.

Hesseling, D. C. :

Het Afrikaans.

Pettman, C. :

Africanderisms.

Plessis, I. D. du :

Die Bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse Volkslied.

Richter, E. :

Fremdwortkunde.

Roukens, Win. :

Wörter und Sache.

Rousseau, H. J. :

Afrikaans en Engels.

Roux, J. J. le :

1. Ismes in Afrikaans (in: Gedenkboek ter ere van die G.R.A.).
2. Oor die Afrikaanse Sintaksis.

Schapera, I. :

Western Civilization and the Natives of South Africa.

Schrijnen, Jos. :

1. Nederlandsche Volkskunde (2 dele).
2. Handleiding bij de studie der vergelijkende Indo-germaansche Taalwetenschap.

Toit, S. J. du :

Suid-Afrikaanse Volkspoësie.

Verdam, J. :

Uit de Geschiedenis der Nederlandsche Taal.

Vooy's, C. G. N. de :

Verzamelde Taalkundige Opstellen (2 dele).



010618285V

NWU : Potchefstroomkampus
Ferdinand Postma-Biblioteek



W. P.-11770

— Gedruk in Pretoria en uitgegee deur —
J. L. van Schaik, Bepk., Uitgewers, Pretoria.

MONUMENT-REEKS

No. 12.

UITGEWERS: J. L. VAN SCHAIK, BPK., PRETORIA

